Source: RAPPORT Date: 02-Sep-2007
Topic: 25 Ref No: 4178
1
ID: 03507648-01 Source Page: 3

# Doen iets aan uittog van onderwysers!

**Suid-Afrika se nypende tekort aan onderwysers weens 'n uittog na ander lande en te min onderwysers wat jaarliks afstudeer, laat RIAN DE VILLIERS pleit vir die regulering van onderwysersmigrasie.**

Die getalle roep dit uit: ons kort duisende onderwysers, veral in vakke soos wiskunde, wetenskap en tegnologie. Nietemin lok lande soos Brittanje, Australië en Nieu-Seeland jaarliks duisende van ons onderwysers met die belofte van groener weivelde.

Navorsing toon Suid-Afrika benodig jaarliks tussen 17 000 en 20 000 nuutopgeleide onderwysers, maar dat slegs 6 000 nuwes per jaar hier afstudeer. En in peilings het 28% van alle onderwysstudente in hul finale jaar aangedui hulle stel belang om oorsee te gaan onderwys gee.

Tussen Julie 1997 en Julie 2006 het Suid-Afrika 10 474 onderwysers aan Brittanje afgestaan. Presies hoeveel na ander lande is, is onseker omdat die staat geen rekord hou van die migrasie van onderwysers nie.

Brittanje is wel die ontwikkelde land wat die meeste Suid-Afrikaanse onderwysers lok, maar Australië en Nieu-Seeland is nie ver agter nie. Die somtotaal sal dus beduidend meer wees as die Britse getal.

Onderwysersmigrasie in veral die Statebond is al dekades lank 'n werklikheid, maar die meer onlangse georganiseerde, interkontinentale werwing van onderwysers van die suide vir die noorde is kommerwekkend.

Suid-Afrikaanse onderwysers is veral in Brittanje gesog omdat hulle opgelei is om in 'n groot verskeidenheid vakke te onderrig. Hul lojaliteit, harde werk en toewyding maak hulle nog gewilder.

Hoewel die dissipline in baie Britse skole kommer wek en doeltreffende onderrig strem, ervaar die Suid-Afrikaanse onderwysers geen diskriminasie teen hul nasionaliteit nie en skakel hulle geredelik by die Britse kurrikulum in.

Maar onderwysers van Suid-Afrika word meestal as tydelike leerkragte in Londen en die suide van Engeland ontplooi. Britse skoolhoofde stel dikwels tydelike onderwysers sonder die nodige onderwyskwalifikasie aan en verwag dan van hulle om ouderdomsgroepe en vakke waarvoor hulle nie opgelei is nie, te onderrig.

Maar wat is dit eintlik wat Suid-Afrikaanse onderwysers na Brittanje lok?

Hoër salarisse, reisgeleenthede en internasionale ervaring in die onderwysprofessie. En beroepsontevredenheid, swak werktoestande en besorgdheid oor persoonlike veiligheid is van die faktore wat hulle uit Suid-Afrika dryf.

Meer as 300 private agentskappe in Brittanje werf tans onderwysers in die buiteland. Studies toon dat die meeste Britse agentskappe in Suid-Afrika skuldig is aan aggressiewe (en soms onetiese) werwingsgedrag.

Onderwysers word onder meer nie deeglik voorberei op die uitdagings in Britse skole, en spesifiek dié in Londen nie. Baie onderwysers voel hulle is mislei en die volle waarheid oor die werkomstandighede in Britse skole is van hulle weerhou.

Min van hulle weet onder meer dat die sogenaamde *qualified teacher status* vereis word en dat hulle sonder dié kwalifikasie op 'n laer salarisskaal aangestel word.

Onderwysers wat wil migreer, word ook nie behoorlik ingelig oor die *Commonwealth Teacher Recruitment Protocol* wat die regte en verantwoordelikhede van werwings- en voorsieningslande en die onderwysers bevat nie.

Dié ooreenkoms is in 2004 deur die Statebondslande se ministers van onderwys onderteken om die oormatige uitvloei van onderwysers van arm na ryker lande te stuit.

'n Onlangse studie in Brittanje het getoon min buitelandse onderwysers weet van dié protokol.

Tog staan Suid-Afrika duisende van sy onderwysers aan ander lande af. Sommige keer ná twee jaar terug, maar baie nooit nie.

Intussen beoog die Suid-Afrikaanse departement van onderwys om onderwysers in Indië, Singapoer, Maleisië en Uganda te werf.

Maar dis 'n vraag of dié onderwysers deeglik genoeg opgelei is om uitkomsgerigte onderwys te behartig en wat die vlak van hul kommunikasievaardighede is.

Planne om opgeleide wiskunde- en wetenskaponderwysers van Zimbabwe (wat reeds in Suid-Afrika woon) in diens te neem, sal ook net 'n korttermynoplossing wees.

Dit sal die regering eerder loon om Suid-Afrikaanse onderwysers in die buiteland met 'n hervestigingstoelae terug te lok.

Source: RAPPORT
Date: 02-Sep-2007
Topic: 25
Ref No: 4178
1
ID: 03507648-02
Source Page: 3

Dit is ook dringend noodsaaklik dat onderwysersmigrasie en -werwing gereguleer word, aangesien dit uiters ontwrigtend vir Suid-Afrikaanse skole is as onderwysers hul skool in die middel van 'n kwartaal verlaat. Beter koördinering en samewerking tussen skole in Brittanje en werwingsagentskappe in dié land en Suid-Afrika word dus bepleit.

■ **Dr. Rian de Villiers is verbonde aan die skool vir onderwyseropleiding in die fakulteit opvoedkunde aan die Universiteit van Pretoria.**